
Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, September 15, 2017
Page: 25





# Dink mooi voor jy trustee word

**'n Trusteeskap moenie net voetstoots aanvaar word nie. Vergewis jou van die risiko's en maak seker waarvoor jy as individu aanspreeklik gehou kan word en waarteen jy beskerming geniet.**

Ek wonder hoeveel mense eers behoorlik gaan nadink voor hulle die aanstelling as 'n trustee in 'n vriend of familielid se trust aanvaar.

Danksy die buigsaamheid van die struktuur bied 'n trust (kom ons hou by die algemeen bekende familietrust) baie voordele ten opsigte van batebeskerming en voortdurende voorsiening vir geliefdes. Ek is egter bevrees hierdie voordele speel in baie gevalle tweede viool teenoor die belastingspeletjies wat gespeel kan word, juis omdat 'n trust so 'n buigbare instrument is.

Dit is binne hierdie raamwerk dat ek die risiko's vir 'n trustee wil beklemtoon. Hoewel die rol van trustee geskei word van jou as individu, kan jy as individu tog aanspreeklik gehou word vir die besluite wat jy as trustee neem of nie neem nie. Daardie klousule wat ek al in trusts gesien het wat trustees teen aanspreeklikheid beskerm, is loutere snert en is nie die papier werd waarop dit geskryf is nie.

Ter wille van die risiko vir lesers wat as trustees optree, wil ek 'n paar belangrike punte uitlig. Ek doen dit aan die hand van 'n paar toonaangewende Appèlhofsake.

## GEVALLESTUDIES

Van 'n trustee word verwag om, soos genoem in die saak Land Bank vs. Parker, die verantwoordelikheid van sy of haar aanstelling te besef en daarmee saam ook seker te maak die trust funksioneer doeltreffend. Dit vereis dat jy as trustee help toesien dat mede-trustees (en die trustoprigter) genoegsaam onafhanklik optree ten opsigte van die beheer oor trustbates.

Dit is dié vereiste van onafhanklikheid wat die knoop is waarmee trustees hulself kan verwurg. My vraag is: Hoe onafhanklik kan 'n trustee wees as hy of sy deur die trustoprigter voorgesê kan word? Dit sluit in die oprigter se prokureur en boekhouer, wat vir hul inkomste afhanklik is van die goedgunstigheid van die oprigter. Ek sê nie dit kan nie gedoen word nie, maar daar is 'n baie fyn etiese lyn wat maklik kan vervaag. Daarin lê die risiko vir die trustee.

Een van die belangrikste regspunte in die Parker-saak is juis die klem wat geplaas word op die skeiding tussen eienaarskap van (ingesluit beheer oor) trustbates en die genot (gebruik of voordeel) daarvan. Waar dit nie geskei is nie, kan die voordeel van die trust wat betref die beskerming van bates, synde buite die boedel van die trustoprigter, heeltemal tot niet gemaak word. Dit kan gesien word in die sake Badenhorst vs. Badenhorst en Jordaan vs. Jordaan waar die hof trustbates in ag geneem het by die berekening van 'n egskeidingseis.

Die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) bepaal ook dat trustbates in ag geneem kan word vir boedelbelasting as die mens kort voor sy dood beheer oor trustbates kon uitoefen tot sy voordeel of tot die voordeel van sy boedel. Dit is eers daar gelaat.

In die saak Slip Knot vs. Du Toit is die trustee, wat gemeen het hy was net "in naam" 'n trustee, mede-aanspreeklik gehou vir trustskuld van meer as R8 miljoen (rente ingesluit) omdat hy glo "in goeie trou" dokumente as trustee onderteken het. Onder die dokumente was 'n persoonlike sekerheidstelling.

Die hof het bevind dat die trustee (Du Toit) moes geweet het wat sy verpligtinge as trustee is en dat die ander party (Slip Knot) geregtig was om net soveel op sy handtekening as sekerheid vir die lening te vertrou as op sy handtekening as trustee.

In die saak Thorpe vs. Trittenwein is eweneens teen die trustee (Thorpe) bevind. Hy het op sy eie 'n koopooreenkoms namens die trust geteken. In die uitspraak het die regter die opmerking gemaak dat die trust tipies van 'n familietrust is waar die skeiding tussen eienaarskap en genot vaag is.

Dié skeiding is grondliggend aan die basiese idee van 'n trust. Daarin lê die risiko van trusteeskap as jy nie onafhanklik optree en toesien dat dit gedoen word nie. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com**; tel. **021 461 2067**.